higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STAATSBESTUUR
NKR VLAK 3

26 Februarie 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Waar
1.2 Onwaar
1.3 Onwaar
1.4 Onwaar
1.5 Waar
1.6 Onwaar
1.7 Waar
1.8 Waar
1.9 Waar
1.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 A
2.2 D
2.3 A
2.4 D
2.5 B
2.6 C
2.7 A
2.8 A
2.9 D
2.10 C

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 H
3.2 K
3.3 I
3.4 J
3.5 G
3.6 F
3.7 D
3.8 A
3.9 C
3.10 B

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 (a) bestuur
(b) beheer

4.2 (a) Nasionale Vergadering
(b) Nasionale Raad van Provinsies

4.3 (a) gebied
(b) tyd

4.4 (a) uitvoerende komitee
(b) burgemeester

4.5 (a) koningskap
(b) hoofmanskap

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 5

5.1
- Telkom
- Eskom
- Transnet
- Rand Water

(Enige 2 × 1) (2)

5.2
- Die handhawing✓ van wet en orde.✓
- Die verdediging van die samelewing teen eksterne vyande. ✓
- Die bevordering van die welstand✓ van 'n groep, gemeenskap, samelewing of staat.✓

(5)

5.3 Gemeenskapspolisiëring kan beskryf word as 'n filosofie✓ of polisiëringstyl✓ wat 'n samewerkende benadering tussen die polisie en ander burgers beklemtoon✓ vir die oplossing van gemeenskapsprobleme✓ en verbetering van die lewensgehalte in die gemeenskap.✓ (Enige 3 × 1) (3)

Kopiereg voorbehou

5.4
- Om samewerking te bevorder
- Om deursigtigheid te verseker
- Om verantwoordbaar te wees
- Om konflik/probleme/argumente te vermy
- Om effektief/samehangend te wees (Enige 3 × 1) (3)

5.5
- Om begrotings,✓ prioriteite,✓ aktiwiteite✓ en beleide oor onderling verbandhoudende sektore en funksies te koördineer en in lyn te bring✓
- Om die gladde vloei van inligting binne die staat✓ en tussen staat en gemeenskappe te verseker✓ met die doel om die beleid, program en implementeringsproses✓ te verbeter
- Om samewerkende besluitneming te bevorder en te fasiliteer✓
- Om konflikte en geskille te voorkom en op te los✓ (Enige 7 × 1) (7)

[20]

VRAAG 6

6.1 **Aantekening aan die nasiener: Dit is slegs ’n voorbeeld van hoe die antwoord nagesien kan word. Ken punte toe vir enige ander tersaaklike bespreking.**
Die wyksraadslid moet die belange van die mense van die verskillende munisipaliteite verteenwoordig.✓ Hulle behoort kennis te dra van die kwessies en probleme in die gebiede, veral wat dienslewering betref.✓ Hulle behoort op te tree as woordvoerders van die mense in die wyke by vergaderings wat gehou word om oplossings te vind.✓ Die inwoners van die munisipaliteite behoort in staat te wees om hul besorgdhede met die wyksraadslede te bespreek en hulle moet op hul beurt hierdie probleme met die raadsbeamptes opneem.✓ (Enige 3 × 1) (3)

6.2 **Aantekening aan die nasiener: Dit is ’n voorbeeld van hoe die leerder die vraag kan beantwoord. Punte kan toegeken word vir soortgelyke tersaaklike feite oor die wetgewende bevoegdhede en praktiese toepassing van die rol van 'n munisipale raad.**
Die wetgewende bevoegdhede van 'n munisipale raad is sy bevoegdhede om verordeninge uit te vaardig en te verander.✓ Die lede van 'n munisipale raad is verantwoordelik vir die beoordeling van voorgestelde verordeninge. 'n Munisipale raad kan verordeninge uitvaardig wat reëls en bevele ten opsigte van sy interne reëlings, besigheid en verrigtinge voorskryf; asook die vestiging, samestelling, prosedures, bevoegdhede en funksies van sy komitees.✓

'n Munisipale raad kan ook wette maak oor dinge wat ressorteer onder die area waarvoor hy verantwoordelik is.✓ Die munisipale raad kan die kommentaar van die publiek op insette oor verordeninge betrek en/of raadpleeg.✓ Die verordeninge kan daarna onderteken of verwerp word.✓ 'n Munisipale verordening kan slegs geïmplementeer word nadat dit in 'n amptelike provinsiale koerant gepubliseer is.✓ 'n Munisipale raad moet verseker dat die munisipale verordeninge tot die publiek se beskikking is.✓
(Enige 5 × 1) (5)

6.3 **Die volgende is 'n riglyn vir die beantwoording van hierdie vraag. Ken een punt elk toe vir enige ander tersaaklike antwoorde/feite ten opsigte van die plaaslikes feer.**

Munisipale rade kan die volgende doen om te verseker dat gemeenskappe se probleme suksesvol gehanteer word:

- Werk saam met die nasionale en provinsiale regering om dienslewerings-probleme te hanteer en oplossings te vind.
- Reageer vinnig op die gemeenskap se behoeftes.
- Ondersoek die gemeenskap se behoeftes en die redes daarvoor.
- Dra die bevindings aan die publiek en verantwoordelike afdelings oor.
- Stuur 'n wyksraadslid na die gemeenskap om die ware vraagstukke te bepaal en dien as woordvoerder vir die mense (gemeenskap).
- Spreek die gemeenskap op verskillende plekke en tye toe.
- Wees sensitief jeens die gemeenskap se behoeftes.
- Prioritiseer die hantering van die gemeenskap se behoeftes.
- Beplan en bestuur polisiëring, padverkeer en brandbestryding om 'n veilige omgewing vir die gemeenskap te verseker.
- Verkry bystand van die Metropolisie en die Suid-Afrikaanse Polisiediens om die geweld te hanteer en die situasie kalm te hou.
- Doen aansoek om bykomende begroting om die geïdentifiseerde behoeftes tegemoet te kom.
- Verwys die kwessies na ander regeringsfere as hulle nie self die probleem kan oplos nie.
- Handel en praat namens die gemeenskap.
- Neem gebalanseerde besluite wat gebaseer is op die ideale van gelykheid en geregtigheid vir almal, en nie slegs vir 'n bepaalde groep mense nie.
- Die munisipaliteit kan 'n begroting vir hierdie spesifieke situasie goedkeur deur te begroot vir tydelike behuising en ander basiese gemeenskaps-behoeftes.
- Verskaf korttermyn- en langtermynplanne vir kwessies voorhande.
- Beplan en implementeer gesondheid- en veiligheidsmaatreëls om te verseker dat die gemeenskap veilig is.
- Beplan en ontwikkel 'n strategiese plan om in die behoeftes van die gemeenskap te voorsien.
- Kommunikeer korttermyn- en langtermynplanne vir kwessies voorhande aan die gemeenskap deur middel van die wyksraadslid.
- Gee terugvoering aan die gemeenskappe rakende kiesafdelings.
- Tree op 'n deursigtige manier op.
- Woon gereelde vergaderings met die gemeenskap by.
- Verseker dat daar voorsien word in al die basiese menseregte van die publiek waarvoor die munisipaliteit verantwoordelik is.

Kopiereg voorbehou

- Neem mense in diens of tree in vennootskap met organisasies wat die betrokke kwessies kan hanteer om te verseker dat die munisipaliteite hul funksies effektief uitvoer.
- Monitor die bestuur van die munisipaliteit se administrasie wat die betrokke kwessies betref.
- Bestuur sake wat die nasionale regering aan die munisipaliteit toewys.
- Verseker dat alle betrokkenes basiese dienste soos water en sanitasie het.

(Enige toepaslike 12 × 1) (12)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 40

AFDELING C

VRAAG 7

Die nasionale regeringsvlak se handelinge dek die hele land. Die nasionale regering is die hoogste regeringsvlak in Suid-Afrika.✓✓

Wetgewende gesag	Funksie	Uitvoerende gesag	Funksie
Parlement as: Die Nasionale Vergadering✓ Die Nasionale Raad van Provinsies✓	Om beleid vir Suid-Afrika te formuleer en aan te neem Uitgedruk in wetgewing wat deur die uitvoerende gesag geïmplementeer word	President✓ Kabinet✓ Nasionale funksionele departemente✓	Om die beleid wat deur die wetgewende gesag aangeneem is en wat in wetgewing beliggaam is, uit te voer, en om te dien as 'n raamwerk vir die implementering van beleid✓

Die nasionale regering bestaan uit verskillende staatsorgane, waarvan elkeen 'n spesifieke taak verrig. Hierdie organe staan bekend as die wetgewende gesag,✓ uitvoerende gesag✓ en die regsprekende gesag.✓

- Jurisdiksie oor sekere sake het✓
- Verantwoordelik is vir die uitvoering van verskeie prosesse✓ en funksies.✓

(Enige 20 × 1) **[20]**

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou